Sewende Paassondag

24 Mei 2020 11:00

In isolasie tydens nasionale staat van inperking

kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Waarvan wil ons seker wees, waarvan kan ons seker wees?

Skriflesing: Johannes 17:15-26

"We live in what one writer has called the "age of sensation."' We think that if we don't feel something there can be no authenticity in doing it. But the wisdom of God says something different: that we can act ourselves into a new way of feeling much quicker than we can feel ourselves into a new way of acting. Worship is an act that develops feelings for God, not a feeling for God that is expressed in an act of worship. When we obey the command to praise God in worship, our deep, essential need to be in relationship with God is nurtured."
— Eugene H. Peterson, A Long Obedience in the Same Direction: Discipleship in an Instant Society

Broodjies vir die pad

"It's your heart, not the dictionary, that gives meaning to your words."
— Eugene H. Peterson, The Message: The Bible in Contemporary Language

"[On what young husbands should say to their wives:] I have taken you in my arms, and I love you, and I prefer you to my life itself. For the present life is nothing, and my most ardent dream is to spend it with you in such a way that we may be assured of not being separated in the life reserved for us... I place your love above all things, and nothing would be more bitter or painful to me than to be of a different mind than you."
— John Chrysostom

"Living well is an art that can be developed: a love of life and ability to take great pleasure from small offerings and assurance that the world owes you nothing and that every gift is exactly that, a gift. "
— Maya Angelou, Wouldn't Take Nothing for My Journey Now

"A person with ubuntu is open and available to others, affirming of others, does not feel threatened that others are able and good, for he or she has a proper self-assurance that comes from knowing that he or she belongs in a greater whole and is diminished when others are humiliated or diminished, when others are tortured or oppressed."
— Desmond Tutu

Zwerversliefde

Laten wij zacht zijn voor elkander, kind -
want o, de maatloze verlatenheden,
die over onze moegezworven leden
onder de sterren waaie' in de oude wind.

O, laten wij maar zacht zijn, en maar niet
het trotse hoge woord van liefde spreken,
want hoeveel harten moesten daarom breken
onder den wind in hulpeloos verdriet.

Wij zijn maar als de blaren in den wind
ritselend langs de zoom van oude wouden,
en alles is onzeker, en hoe zouden
wij weten wat alleen de wind weet, kind -

En laten wij omdat wij eenzaam zijn
nu onze hoofden bij elkander neigen,
en wijl wij same' in 't oude waaien zwijgen
binnen één laatste droom gemeenzaam zijn.

Veel liefde ging verloren in de wind,
en wat de wind wil zullen wij nooit weten;
en daarom - voor we elkander weer vergeten -
laten wij zacht zijn voor elkander, kind.

Adriaan Roland Holst
In: *Voorbij de wegen*, 1920.

Toe Jakes sy ma in die hospitaal gegroet het

Dana Snyman

Sy oë bokant die masker draai in my rigting. Hy lyk bekend. Vaalbruin hare. Geruite hemp.

"Hallo," groet hy, "hoe gaan dit met jou?" Hy kom staan 'n entjie van my af waar ek voor Pick n Pay wag om in te gaan.

"Goed, dankie," sê ek. "En met jou?" Eers dan sien ek dis Jakes wat net 'n paar strate van my af woon. "Jammer, Jakes, man. Ek sien nou eers dis jy. Hierdie dekselse maskers . . ."

Ons het mekaar lanklaas gesien. Ek hou my hand instinktief na hom toe uit en hy doen dieselfde, maar ons ruk ons hande terug.

"Ag, dis niks nie," sê hy. "As dit nie vir jou bles en bril was nie, sou ek jou seker ook nie herken het nie."

Hy trek-trek met sy een hand aan sy masker. "Ek haat hierdie ding."

"Ek haat dit ook," sê ek. "Is maar 'n vreemde tyd hierdie."

"Dit kan jy weer sê," sê hy. Sy masker sit te styf om sy gesig. Jy kan sy lippe agter die materiaal sien roer.

"Niemand weet wat gaan gebeur nie."

"Ek dink een of ander tyd gaan baie mense begin doodgaan," sê ek.

"Daar is klaar mense dood," sê hy.

"Maar ek bedoel soos in New York en in Spanje. In hul duisende," sê ek.

"My ma is laas week oorlede. In die hospitaal. In intensief."

"Jammer, Jakes, man. Jammer om dit te hoor. Ek het dit nie geweet nie." Ek wil weer my hand na hom toe uithou.

"Is reg so. Dankie. Is maar sleg."

"Ek kan dink,"sê ek. "Was dit die virus, as ek mag vra?"

"Nee. Beroerte." Hy bly 'n rukkie stil.

" 'n Mens kon haar nie eens ordentlik groet nie. Die hospitaal het net gebel en gesê dit lyk nie goed nie. Ons kan soontoe kom, maar ons elkeen kry net 10 minute by haar. My broer het my pa by die aftreeoord gaan haal. Ek is eerste by haar in. Jy moet jouself omtrent bad in die ontsmetgoed. Hulle gee vir jou handskoene, en hierdie helmet-goed. Jy voel soos een van hierdie maanmanne."

Hy trek-trek weer aan die masker. "Dan staan jy daar langs jou ma se bed en jy wil aan haar raak, haar op haar voorkop soen of iets, maar jy mag nie, en sy was vir 54 jaar jou ma. Ek dink darem sy het my herken. Sy het so effentjies geglimlag, jy weet."

Hy kyk verby my, in Game se koers.

"Ons is nie juis 'n familie wat vir mekaar sê ons is lief vir mekaar nie, maar ek het vir haar gesê ek is lief vir haar. Ek weet nie of sy my kon hoor nie."

Sy ma is veras, en hulle sal wanneer hulle mag, vir haar 'n begrafnisdiens hou.

Kort daarna groet ek en Jakes mekaar weer, sonder om aan mekaar te raak.

Hy stap in die rigting van die parkeerterrein, stil agter sy masker, en ek gaan by Pick n Pay in, nadat die wag by die deur eers ontsmetgoed op my hande gespuit het.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/toe-jakes-sy-ma-in-die-hospitaal-gegroet-het-20200518

"Of whom and of what can I say: "I know that"! This heart within me I can feel, and I judge that it exists. This world I can touch, and I likewise judge that it exists. There ends all my knowledge, and the rest is construction. For if I try to seize this self of which I feel sure, if I try to define and to summarize it, it is nothing but water slipping through my fingers. I can sketch one by one all the aspects it is able to assume, all those likewise that have been attributed to it, this upbringing, this origin, this ardor or these silences, this nobility or this vileness. But aspects cannot be added up. This very heart which is mine will forever remain indefinable to me. Between the certainty I have of my existence and the content I try to give to that assurance the gap will never be filled."

— Albert Camus, The Myth of Sisyphus and Other Essay

"To be unknown to God is entirely too much privacy."

— Thomas Merton, New Seeds of Contemplation

"There is a certain way of being human that is my way. I am called upon to live my life in this way, and not in imitation of anyone else's life. But this notion gives a new importance to being true to myself. If I am not, I miss the point of my life; I miss what being human is for me."

— Charles Taylor, Multiculturalism

Brood vir die pad

Dorothy Day: 'n onwillige heilige vir hierdie tye?

'Don't call me a saint, I don't want to be dismissed so easily," lui 'n bekende uitspraak van Dorothy Day (1897-1980). Dit is daarom nogal ironies dat daar in 2000 'n amptelike proses vir haar moontlike kanonisering begin is.

Tans is daar 'n hernude belangstelling in Day se lewe. Waarskynlik het 'n toespraak van pous Franciskus in 2015 voor die Amerikaanse kongres hiertoe bygedra. Hierin het hy die lewens van vier Amerikaners as 'n bron van inspirasie voorgehou: Abraham Lincoln, Martin Luther King, Thomas Merton, en Dorothy Day. Vroeër vanjaar het ook Martin Doblmeier se dokumentêr Revolution of the Heart: The Dorothy Day Story (aanlyn op YouTube beskikbaar), asook John Loughery en Blythe Randolph se boeiende biografie Dorothy Day: Dissenting Voice of the American Century verskyn.

Day – wat in haar laat 20's Rooms-Katoliek geword het – is veral bekend as die medestigter van die Catholic Worker Movement, wat kos en verblyf vir armes en dakloses verskaf.

In die Groot Depressie het Day en Peter Maurin in New York die radikale koerant The Catholic Worker begin, waarvan die eerste uitgawe op 1 Mei 1933 vir een sent verkoop is (terloops, dit het deur die jare die prys gebly). Hiermee saam is ook mettertyd "houses of hospitality" gestig, met die vrywilligers wat saam met die haweloses woon.

Hoewel sy ook meer behoudende Rooms-Katolieke morele beskouinge sou handhaaf, was Day in die daaropvolgende dekades uitgesproke in die stryd teen ekonomiese onreg, segregasie, kernwapens en die oorlog in Viëtnam. Die FBI het selfs 'n dossier oor haar geopen omdat sy as 'n moontlike gevaar vir nasionale veiligheid beskou is.

Deurgaans het sy egter haar aktivisme verbind met die Bybelse visie wat Christus met "die geringstes" vereenselwig (Matteus 25). Sy skryf dan ook iewers: "Daar is Hy – tuisteloos. Sal 'n kerk Hom inneem, Hom voed, Hom 'n bed aanbied? Ek hoop dat ek myself hierdie vraag sal bly vra tot die laaste dag van my lewe." Dalk lê Day se "heiligheid" – en uitdaging aan ons – juis daarin dat sy toegelaat het dat dié vraag by haar bly spook.

Teen die einde van Loughery en Randolph se biografie oor Day verwys hulle na 'n veelseggende insident tydens haar begrafnisprosessie: "As the coffin rounded the corner from East 3rd Street, a rumpled man standing on the curb, obviously homeless and unwell, came running towards the pallbearers. The grandchildren stopped.

"The man said nothing. He gently placed his hand on the coffin and then ran off." – RRV

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/dorothy-day-n-onwillige-heilige-vir-hierdie-tye-20200515

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

Seën

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877